

**Van *Komas* tot Kamfer en kie:**

**die aard en manifesteringsvorme van eenheidsdigbundels in Afrikaans**

Karen de Wet

Departement Afrikaans

Universiteit van Johannesburg

Adres: [kdewet@uj.ac.za](mailto:kdewet@uj.ac.za)

Departement Afrikaans B 5 -109

Universiteit Johannesburg – Aucklandparkkampus

Kingsway

Aucklandpark

2000

## **Abstract**

An investigation is conducted into the nature, characteristics and manifestation of the “eenheidsbundel,” a unified volume of verse, in Afrikaans poetry and the genre specific term “eenheidsdigbundel” is suggested.

Three distinct periods of research into unified volumes of verse are identified. These are described and from this a description of the characteristics of a unified volume of verse are gleaned.

Due to intensified interest in unified volumes of verse in contemporary Afrikaans poetry, an investigation is launched into the literary conversation during this period as conducted via reviews and interviews on the subject. It is concluded that despite the term unified volume of verse being an umbrella term, it does have value in terms of its contributions towards identifying and describing a specific type of volumes of poetry.

It is suggested that degrees of kinship between volumes displaying similar characteristics, be identified. An illustration of examples of such kinships are offered.

## **Keywords**

Unified volume of verse; kinship; literary conversation; post millennial Afrikaans poetry; composition of volumes of verse

## **Ekserp**

'n Ondersoek word onderneem na die aard, kenmerke en manifesteringsvorme van eenheidsbundels in die Afrikaanse poësie. Die term eenheidsdigbundels word voorgestel om eenheidsbundels in die poësie te kan onderskei van dié in prosa. Drie periodes word uitgewys waarin interesse in eenheidsdigbundels opvlam. Die bydraes uit hierdie periodes word beskryf en sodoende word onderskeidende kenmerke van eenheidsdigbundels geïdentifiseer.

Aangesien daar ook in die eietydse Afrikaanse poësie, ná 2000, 'n toename in belangstelling in eenheidsdigbundels voorkom, word ondersoek ingestel na hoe die literêre gesprek hieroor in resensies en onderhoude manifesteer. Waarnemings word gemaak oor die siening van eenheidsdigbundels wat hieruit blyk. Die gevolgtrekking waartoe gekom

word is dat die term eenheidsbundel wel 'n sambreelterm is, maar tog nuttig identifiserend en beskrywend gebruik kan word. Dit word voorgestel dat 'soortgenote' onder eenheidsdigbundels geïdentifiseer word. 'n Aanduiding van hoe sodanige soortgenote beskryf kan word, word gegee deur na 'n aantal tipiese eenheidsdigbundels te verwys.

### **Sleutelwoorde**

Eenheidsbundel; eenheidsdigbundel; soortgenote; literêre gesprek; post-millennium Afrikaanse poësie; bundelkomposisie.

## **1 Inleidend**

### **1.1 Doel**

Die doel met hierdie ondersoek na die aard en manifesteringsvorme van eenheidsbundels in die Afrikaanse poësie val in drie hooftrekke uiteen, naamlik:

Om uit te wys dat drie oplewings in die Afrikaanse poësie geïdentifiseer kan word waartydens die gebruik van die term eenheidsbundel, en dus belangstelling in eenheidsbundels, aansienlik toeneem en om spesifiek te fokus op die manifestering hiervan in die post-millennium tydperk van die Afrikaanse poësie.

Om uit te wys dat in die Afrikaanse poësiekritiek (meer formele teoretisering, akademiese navorsing) en ook in ander bydraes tot die gesprek rondom die Afrikaanse poësie (meer informele uitsprake, soos in onderhoude en resensies) volstrekte afspraak nie bestaan oor die presiese aard en kenmerke daarvan wanneer die term *eenheidsbundel* gebruik word nie; en

om aansluitend hierby uit te wys dat behoefte bestaan aan fyner nuansering van die omvattende sambreelterm "eenheidsbundel" en dat verdere onderskeiding gevind kan word deur bundels aan te dui wat as soortgenote aandoen.

### **1.2 Afbakening en fokus**

Studies in die poësiekritiek oor bundelkomposisie, eenheid in digbundels en die eenheidsbundel, word as vertrekpunt geneem in die besinning oor die voorkoms, gebruik en bruikbaarheid van die term eenheidsbundel in die Afrikaanse poësie.

Bydraes tot die gesprek in die Afrikaanse poësie oor eenheidsbundels, word gegroepeer as daterende uit eers die middel sestiger - en sewentiger jare, dan dié uit die laat tagtigs en vroeë negentigs aan die einde van die twintigste eeu, en laastens die hernude oplewing gedurende die post-millennium tydperk in die Afrikaanse poësie. Die opgetekende teoretisering word as verwysingspunt gebruik vir die ondersoek na eietydse uitsprake oor eenheidsdigbundels in spesifiek onderhoude en resensies.

Alhoewel die voorkoms van eenheidsbundels in ander genres, soos byvoorbeeld in die Afrikaanse prosa, streng gesproke buite die navorsingsterrein val, word wel soms kortliks binne die konteks hierna verwys.

Die navorsingsfokus is gerig op die ondersoek na die voorkoms en gebruik van die term *eenheidsbundel* ná 2000 in die post-millennium Afrikaanse poësie. 'n Blik word gegee op die voorkoms van die term deur aan te dui waar en hoe dit in resensies en onderhoude gebruik is in reaksie op nuwe digbundels. Alhoewel 'n empiriese ondersoek van 'n omvattende datastel hiervoor in die vooruitsig gestel kan word, word geargumenteer dat voldoende gevalle uitgewys word waar die term in resensies en onderhoude gebruik word, vir 'n eerste kartering en aanvanklike waarnemings op grond hiervan.

### 1.3 Terminologie

Die term *eenheidsbundel* word só in die Afrikaanse literêre kritiek gebruik dat 'n kontekstuele verstaan noodsaaklik is. Dit geld veral die verskillende betekenis wat aan dieselfde term geheg word wanneer na eenheidsbundels verwys word in onderskeidelik die breë klassieke genres van die poësie en die prosa. Wanneer *Die dag toe ek my hare losgemaak het* (Brümmer, 2008) as 'n "eenheidsbundel" (sien oa Botes & Cochrane, 2011a en 2011b) beskryf word, vertoon dit immers nie in alle opsigte die kenmerke soos van toepassing op daardie "eenheidsbundel" wat in *Literêre Terme en Teorieë* (Spies, 1992a) beskryf word met verwysing na onder andere DJ Opperman se *Komas uit 'n bamboesstok* (1979) nie.

Aangesien die aanvanklike teoretiese beskouings oor eenheidsbundels in die Afrikaanse poësiekritiek geformuleer is aan die hand van die bestudering van bundelkomposisie in 'n aantal digbundels wat klassieke status sou kry, onder andere *Blom en*

*baaierd* (DJ Opperman, 1956), *Gestaltes en diere* (NP van Wyk Louw, 1942) en *Komas uit 'n bamboesstok* (DJ Opperman, 1979), word hierdie bundels geïdentifiseer as primêr bepalend vir die verwysingsraamwerk wanneer na eenheidsbundels in die Afrikaanse poësie verwys word.

Ter wille van onderskeid tussen eenheidsbundels in die poësie, en bundels kortverhale wat eweneens as eenheidsbundels benoem word, word die woord *eenheidsdigbundel* voorgestel en waar moontlik in hierdie artikel gebruik. Uit die aard van die saak word die ingeburgerde term *eenheidsbundel* egter net so gebruik wanneer verwys word na bestaande navorsing en bydraes.

#### **1.4 Relevansie**

Waarom 'n ondersoek na eenheidsbundels in die Afrikaanse poësie?

Die waarneming dat 'n toename in die gebruik van die term eenheidsbundel rondom 2010 in onderhoude en resensies voorkom, 'n term waarvoor mens in die poësiekritiek moet terugkeer na 1992 vir 'n omskrywing, asook die waarneming dat die term eietyds dikwels as aanprysing gebruik word, is geïdentifiseer as navorsingsimpuls. Die ondersoekvraag wat die artikel onderlê, is daarom: wat is die aard en hoe sien die manifesteringsvorme van die term eenheidsbundel in die Afrikaanse poësie daar uit, en watter bydrae kan 'n ondersoek na die voorkoms daarvan, en waarnemings oor hoe dit gebruik word, werp op die Afrikaanse poësie ná 2000.

## **2 Eenheidsbundels in die Afrikaanse poësie – drie oplewings**

Uit 'n agternaperspektief kan drie oplewings in die Afrikaanse poësiekritiek uitgewys word waarin verskerpte teoretiese navorsingsbelangstelling voorkom wat die komposisie van digbundels, en spesifiek die eenheidsdigbundel, betref.

Daar was die aanvanklike baanbrekers uit die sestiger en sewentiger jare van die vorige millennium (met belangrike publikasiedatums: 1962/1965, 1971, 1976); 'n dekade daarna 'n oplewing in die laat jare tagtig en vroeg negentig (1986; 1987, 1992) en dan, eers bykans twee dekades later en gedurende wat beskou kan word as die post-millennium tydperk in die Afrikaanse poësie, weer hernude belangstelling (2002, 2010, 2013-2015).

### **2.1 Die jare Sestig en Sewentig (1962/65 - 1976)**

Die bakennavorsing van Edith Raidt (1962, 1965), Edna Deudny (1971) en Leon Strydom (1976) oor bundeleenheid en komposisie is goed bekend in die Afrikaanse poësiekritiek, onderskeidelik fokus die titels van hul studies op: “Die bundel as eenheid ...”, “Die siklus as kompositoriese probleem ...” en “Oor die Eenheid van die Digbundel ...”.<sup>1</sup>

Dit is moontlik om ’n verband te vermoed tussen die oplewing in teoretiese belangstelling in bundelkomposisie, en die aard en aanbod van vernuwende poësie van die dag, naamlik dat lesers (navorsers) gekonfronteer is met digbundels wat, in vergelyk met die eietydse tekste, ‘meer’ gebied het as die ‘normale’, ‘bekende’ aanbod van ’n aantal ‘selfstandige’ of losstaande gedigte wat gebundel is, dat hulle hierin geïnteresseerd was en dit bestudeer het. Alhoewel interesse in nuwe dit tipies die meeste navorsing onderlê, is dit nuttig om uit te wys omdat aangedui kan word dat dit relevant is vir al drie die groepe tydperke waarin ’n oplewing vir belangstelling in teoretisering oor eenheidsbundels voorkom: Dat wanneer ’n oplewing in studies oor die poësie, of in die gesprek rondom die Afrikaanse poësie, plaasvind, daar ’n bundel, of bundels verskyn het wat tipies ’n vernuwende aard of aanbod het, of waarin hernude aandag aan bundelkomposisie gegee word.

So was dit die bundels van Opperman en Louw wat, in vergelyking met tydgenootlike tekste uit die jare dertig en veertig, iets nuuts bring in die literêre landskap van die dag en as ondersoekmateriaal gebruik word vir die eerste navorsing in bundelkomposisie. Beide Raidt (1962) en Deudny (1971) ondersoek die eenheid en komposisie in digbundels van D.J. Opperman (*Engel uit die klip*, 1950 en *Blom en baaierd*, 1956), terwyl Strydom (1976) met *Gestaltes en diere* (NP van Wyk Louw, 1942) werk.

## **2.2 Laat Tagtig en vroeg Negentig (1986-1992)**

’n Dekade ná Strydom (1976) se studie vlam interesse in bundelkomposisie en eenheidsbundels weer op in die Afrikaanse poësie. Veral drie bydraes in die laat tagtigerjare en die vroeë Negentigs val hier op, naamlik Tom Gouws (1986) se studie van die komposisionele spel in Antjie Krog (1981) se *Otters in bronslaai*; Anna E van Zyl (1987) se opmerkings oor bundelkomposisie by *Allotroop* van TT Cloete (1985); en Lina Spies (1992a, 1992b) se bydraes waarin sy *Komas uit ’n bamboesstok* (Opperman, 1979) uitsonder as dié

---

<sup>1</sup> Volledige titels: Raidt (1962): *Die bundel as eenheid: ’n Ondersoek na die funksie van die simbool in Opperman se Blom en baaierd*; Deudny (1971): *Die siklus as kompositoriese probleem met besondere verwysing na twee siklusse van D.J. Opperman*; en Strydom (1976): *Oor die Eenheid van die Digbundel: ’n Tipologie van gedigtegroepe*.

eenheidsdigbundel. Al drie hierdie studies stel ondersoek in na bundels wat 'n vernuwende aanbod bied, 'n baanbrekende aard vertoon en met verloop van tyd as klassiek in die Afrikaanse poësie beskou word.

Alhoewel die navorsingsfokus van Van Zyl (1987) se verhandeling die dodegedig en gedigsoorte is, merk sy tydens die bestudering hiervan, 'n aspek tipies van die eenheidsbundel in TT Cloete se werk op en word daarmee 'n voorloper van Odendaal (2013) se navorsing oor die relevansie van bundelkomposisie in Cloete se oeuvre. Van Zyl (p.109) wys daarop dat Cloete in *Allotroop* (1985) "verbandlegging" bewerkstellig tussen gedigte "wat ver uitmekaar lê". Op grond hiervan dui sy aan dat *Allotroop*, met sy bundelkomposisie van "allerlei deurlopende drade wat vooruitstruureer en terugverwys," 'n deelnemer is aan die tradisie van eenheidsbundels: "Cloete (doen mee) aan dit waarin Opperman hom voorafgegaan het in *Komas*." Van Zyl gebruik nie die term bundelkomposisie nie en brei ongelukkig ook nie verder uit nie. Die waarde van haar waarneming is hier dat sy *Allotroop* eien as 'n eenheidsbundel in die tradisie van *Komas* – en wel op grond van die uitreike tussen gedigte.

Alhoewel die term *eenheidsbundel* 'n relatief hoë gebruikswaarde in die literêre gesprek rondom die Afrikaanse poësie het, bestaan daar nie 'n aparte inskrywing daarvoor in byvoorbeeld 'n standaard naslaanwerk soos *Literêre Terme en Teorieë* (Cloete et al, 1992) nie. As deel van haar inskrywing oor die "Siklus in die poësie" sluit Lina Spies (1992a: 478-482) egter wel die eenheidsdigbundel in en wys sy op die aard en kenmerke daarvan.

Waar dit Opperman se *Engel uit die klip* (1950) en *Blom en baaierd* (1956) was wat tevore deur Raidt (1962) en Deudney (1971) ondersoek is in hulle studies oor eenheid in die bundel, bundelkomposisie en siklisiteit, betrek Spies nou ook Opperman se *Komas uit 'n bamboesstok* (1979).<sup>2</sup> Spies is van mening dat *Komas* Opperman se "vermoë om 'n eenheidsbundel te skryf tot 'n hoogtepunt" voer.<sup>3</sup> Sy bevestig 'n verband tussen die skryf van 'n eenheidsbundel en die vermoë om 'n siklus te skryf: "... die bundel gedra hom in baie opsigte soos 'n siklus" waarin die struktuur "'n verwickelde spel van motiewe" openbaar wat "embrionaal aanwesig (is) binne die aanbod van die motto en titelbladsy en ... deur die proloog, epiloog en sewe rolle heen" ontwikkel. Spies wys ook op die volgende, naamlik dat:

- 'n "deurlopende epiese lyn" volgehou word,

---

<sup>2</sup> In *Kolonade* betrek Spies (1992b) ook *Negester en Ninevé* (1947).

<sup>3</sup> Hierdie beskrywings onderlê ook Spies (1992b) se verwysings na eenheidsdigbundels in haar oevrestudie oor DJ Opperman, *Kolonade*.

- die “bundelverband ... soseer medekonstruerend (is) dat die gedigte in besonder intieme interaksie tot mekaar staan,”
- die samehange in die bundel “só sterk is, dat sodra jy 'n gedig uit die bundelverband wegneem, dit belangrike woordimplikasies en betekenisnuanses kwytraak,”
- “die eenheid deur formele samehange en 'n ontwikkelende epiese lyn vasgestel” (word), en sluit af met die waarneming:
- die “epiloog van die bundel speel terug op die proloog en 'n sirkel word gesluit”.

Hierdie beskrywing van die aard van 'n eenheidsbundel, met *Komas* as eksemplaar,<sup>4</sup> bied omvattende en onderskeidende kenmerke en kan met vrug gebruik word as aanduiding van wat met die term eenheidsbundel bedoel word, aan watter eienskappe eenheidsdigbundels tipies optimaal behoort te kan voldoen, en ook as vertrekpunt vir verdere ondersoek en gesprek. Iets wat ondersteun word deur Spies se siening dat *Komas*, in terme van sy vermoë om eenheidsbundels te skryf, 'n hoogtepunt in Opperman se oeuvre is, en ook deur uitsprake soos dié van Johann Lodewyk Marais (Esterhuizen, 2013), self 'n skrywer van eenheidsbundels, dat: “... Opperman se *Komas uit 'n bamboesstok* nog altyd 'n modelvoorbeeld” van die eenheidsbundel is. Waarskynlik lê die kiem daarvan dat eenheidsbundels *per se* aangeprys word, of as nastrewenswaardig beskou word, reeds hier.

### 2.3 Ná 2000

Byna twee dekades verloop ná die publikasie van Spies (1992a, 1992b) se bydraes voordat aspekte van die bundelkomposisie en eenheidsdigbundels weer ter sprake kom in navorsing oor die Afrikaanse poësie – en wel in artikels van Heilna du Plooy (2010a en 2010b) oor narratiewiteit en liriese poësie, asook in Bernard Odendaal (2013) se beskouing van onder andere “bundelstrukturering,” “bundelboubeginsels” en “bundeleenheid” in die oeuvre van TT Cloete, en 'n lesing van Wilma Stockenstrom (1984) se *Die heengaanrefrein* as eenheidsbundel (Grobler, 2011).

Hierdie hernude belangstelling in die eenheidsdigbundel kan minstens gedeeltelik herlei word na 'n impuls wat uitgegaan het van die navorsingsopstelle oor

---

<sup>4</sup> Dit is interessant dat Spies (1992b:20, 85) in *Kolonade*, haar oevrestudie van DJ Opperman, reeds *Negester oor Nineve* (1947) aandui as vernuwend op grond van die komposisie daarvan. Die indruk word immers maklik geskep dat Opperman se eerste werk wat in terme van eenheidsbundels beskou is, eers *Blom en baaierd* (1956) was -- omdat Raidt (1962) dit as navorsingsmateriaal in haar studie gebruik het. *Negester oor Nineve* (1947) se publikasiedatum is ook nader aan dié van *Gestaltes en diere* (1942) wat deur Strydom (1976) gebruik word in sy ondersoek na eenheid in die digbundel.



bundelkomposisie, *De tweede gisting* (Zuiderent & Van de Starre, 2001), wat net ná die millenniumwending verskyn en waarin pertinent verwys word na die bestaande korpus navorsing in die Afrikaanse poësiekritiek oor bundelkomposisie, terwyl soortgelyke ondersoekte hieroor tot voor die millenniumwending grootliks afwesig in Nederlandstalige literatuur was. Die vermoede dat (teoretiese) interesse in bundelkomposisie ook gestimuleer word wanneer bundels verskyn met 'n vernuwende aard en waarin die aandag aan bundeleenheid en bundelkomposisie opvallend is, kan egter ook hier geld. In haar grondige inleiding tot 'n omvattende navorsingsprojek oor narratiwiteit in liriese poësie, dui Du Plooy (2010a) aan dat 'n "steeds sterker wordende narratiewe aard en styl onderskei word" by eietydse digters. Du Plooy verwys ook na die gebruik van verhalende insidente en teksvorme in *Komas*, en die enigsins gebruik van die Bloubaard-legende in Henning Pieterse (2000) se *Die burg van hertog Bloubaard*. Alhoewel die bundels waarna Du Plooy verwys<sup>5</sup> (nog) nie ondersoek is as eenheidsdigbundels nie, en alhoewel die navorsingsprojek oor narratiwiteit in liriese poësie nie uitdruklik op bundelkomposisie fokus nie, hou die "narratiewe aard en styl" wat Du Plooy hier uitwys noodwendig verband met die opset en aanbod van die digbundel, met bundelkomposisie, en met dit waarna Spies (1992a) verwys as die "deurlopende epiese lyn". Sowel Deudney (in 1971)<sup>6</sup> as Strydom (1976)<sup>7</sup> het gewag gemaak van die verhaalmatigheid inherent aan die struktuur van die siklus – met die siklus as deel van bundelkomposisie, en spesifiek kenmerkend van (indien nie voorwaarde vir nie) die eenheidsdigbundel. Soos reeds genoem, wys ook Spies (1992a) in haar beskrywing van 'n eenheidsbundel as 'n digbundel waar die komposisie 'n sikliese aard toon, na die narratief ("epiese lyn") daarin; en in Odendaal (2013) se navorsing oor narratiwiteit in TT Cloete se digoeuvre kom hy tot die gevolgtrekking dat 'n "reeksaard" oorheersend is, wat "ten slotte iets siklies vertoon vanweë die 'verhaal' wat daardeur (die drie reekse van drie bundels elk) vergestalt word".

Afgesien van die klem wat in sienings oor eenheidsbundels geplaas word op ordenende strukturele en komposisionele elemente (soos byvoorbeeld 'n programgedig, ordening in en samehang tussen afdelings, en die (sikliese) binding tussen proloog en

---

<sup>5</sup> *In die geheim van die dag* (Charl Pierre Naudé, 2007), *Uit die buitenste ruimte* (Danie Marais, 2006) en *Die vloedbos sal weer vlieg* (Carina Stander, 2006).

<sup>6</sup> Vergelyk bv Spies (1992) se verwysing hierna: "Edna Deudney (1971:79) beweer dat die siklus oorwegend epies, verhaalmatig gebind word ..."

<sup>7</sup> Soos bv aangehaal deur Odendaal (2013): "Daar skuil dus iets inherent *verhaalmatigs* in die siklus as struktuurbeginnsel (Strydom 1976:15), terwyl *herhaling-met-variasie* ten grondslag van die serie-struktuur lê (Strydom 1976:21)." (Kursief ter wille van klem, KdW.)

epiloog<sup>8</sup>) is dit duidelik dat daar in navorsing uit al drie geïdentifiseerde periodes gewag gemaak word van 'n epiese lyn, 'n narratiewe aanbod en/of samehange tussen gedigte. Wanneer Du Plooy (2010a) se waarneming van 'n "steeds sterker wordende narratiewe aard en styl" in die eietydse Afrikaanse poësie ná 2000, in verband gebring word met die eweneense toename in die belangstelling in en skryf van eenheidsdigbundels in hierdie tydperk, kan die vraag gestel word of 'n toenemende belangstelling, selfs dalk 'n neiging, onder (jong?) digters om sterker van narratief gebruik te maak in hul bundels, nie as bydraend beskou kan word tot die oplewing in belangstelling in eenheidsdigbundels nie. Immers bied die eenheidsdigbundel op strukturele en komposisionele vlak 'n manier om die narratief in die poësie, en spesifiek die bundel, te hanteer.

### **3 Die eietydse literêre gesprek oor eenheidsdigbundels**

#### **3.1 Oriëntering**

Bykomend tot die impetus vir wetenskaplike ondersoek wat uitgegaan het van die *Onderzoekschool Literatuur* se navorsing oor bundelkomposisie (Zuiderent & Van de Starre, 2001); en ook die publikasie van 'n aantal bundels met 'n vernuwende aard waarin Du Plooy (2010a), onder andere, 'n tendens van narratiewe styl en komposisie opmerk<sup>9</sup>, sodat verwysing na bundelkomposisie en eenheidsbundels verwag kan word, is dit ook opvallend dat die term eenheidsbundel ná 2000, en met konsentrasie rondom 2010, toenemend in 'n aantal resensies en onderhoude betreffende nuwe publikasies, ter sprake kom.

By 'n ondersoek na die literêre gesprek soos wat dit in resensies en onderhoude neerslag vind, is dit relevant om Du Plooy (2010a:8) se opmerkings voor oë te hou, naamlik dat "bespiegeling oor en kommentaar op bundelsamestelling en die geheelindruk van 'n spesifieke bundel" dikwels voorkom in resensies en in navorsing oor die werk van bepaalde outeurs. En dat "'n (v)eralgemenende uitspraak oor die verrekening van hierdie aspek in resensies ... eers gemaak (kan) word as daar 'n groot aantal resensies empiries ondersoek is". Hierdie waarskuwing oor die aard van sienings en stellings in resensies en onderhoude, asook die uitwys daarvan dat afleidings en waarnemings slegs met geldigheid gemaak kan

---

<sup>8</sup> Vergelyk byvoorbeeld Spies (1992a), Hambidg (2002) en Marais in Esterhuizen (2013).

<sup>9</sup> Du Plooy (2010a:5) noem HJ Pieterse(2000), Charl Pierre Naudé (2007), Danie Marais (2006) en Carina Stander (2006) en sê: "Hierdie digters ... skryf met die opset om 'n bepaalde soort narratiewe inhoud te hanteer" en verwys na ander bydraes tot die navorsingsprojek oor narratiwiteit, naamlik dié van Naudé (2010) oor "... *vertelling as tegniek in die liriese vers*" en Marais (2010) oor "... *die poësie in die raamwerk van die verhalende vers*".

word wanneer voldoende empiriese navorsing gedoen is, geld ook die aanvanklike navorsing wat vervolgens ter sprake kom.

Die doel hier is primêr om verslag te gee van die aard en inhoud van die literêre gesprek oor eenheidsdigbundels soos wat dit beslag gevind het in 'n aantal resensies en onderhoude betreffende die Afrikaanse poësie ná 2000. Die ondersoek maak 'n eerste kartering moontlik van watter bundels, deur watter digters, as eenheidsbundels opgemerk, aangebied en bespreek is; en maak dit moontlik om enkele waarnemings te maak oor hoe die term eenheidsbundel in hierdie stukke, en dus in die literêre gesprek rondom die eietydse Afrikaanse poësie, gebruik word.

In die tydperk van post-millennium poësie in Afrikaanse, is daar in 2002 een vernuwende bundel, en een resensent wat die spesifieke aard van die bundel uitwys, wat die gekonsentreerde oplewing rondom 2010 van interesse in Afrikaanse eenheidsdigbundels, voorafgaan. Johann Lodewyk Marais (2002) se *Aves* verskyn – 'n bundel met 'n vernuwende aanbod: die eerste “voëlboek” in die Afrikaanse poësie. En die resensent wat *Aves* aanprys as 'n “eenheidsbundel” en hiermee die volgende groep gesprekke oor eenheidsdigbundels vooruit loop, is Joan Hambidge (2002). Eers ná 2010 word hierdie gesprek hervat. Wat Marais betref omdat twee bundels soortgelyk aan *Aves* uit sy pen verskyn: *Diorama* (2010) en *In die bloute* (2012), en ook as gevolg van die klem wat in Louis Esterhuizen (2013) se onderhoud met hom geplaas word op eenheidsbundels en sy se benadering tot bundelkomposisie.

Marais se bundels en die reaksie daarop, was egter nie die enigste nie. 'n Eerste verkennende ondersoek na die voorkoms van stukke waarin die literêre gesprek oor eenheidsdigbundels ná 2000 manifesteer, asook na hoe hierdie gesprek beslag kry in resensies en onderhoude waarin die term eenheidsbundel ter sprake kom, is daarom onderneem. Hiervoor kon twaalf stukke geïdentifiseer word.<sup>10</sup> Vervolgens word hierdie twaalf, as uitings deel van 'n literêre gesprek, chronologies aangedui deur eers die resensent of onderhoudvoerder, en dan die digter en bundel, te benoem. Hierna word enkele kort aanhalings gegee waaruit die strekking blyk van hoe die term eenheidsbundel daarin gebruik

---

<sup>10</sup> Alhoewel die navorser alle billike middele benut en bronne ondersoek het om sover moontlik alle verwysings na die term “eenheidsbundel” betreffende die Afrikaanse poësie ná 2000 in resensies en onderhoude op te spoor, is die doel hier nie om op volslae volledigheid aanspraak te maak ter wille van 'n empiriese ondersoek nie. Wat wel bereik wil word is om voldoende voorbeelde te gee sodat dit lig werp op die aard en omvang van die gesprek betreffende eenheidsdigbundels. En uiteindelik om aan die hand hiervan op 'n kenmerk van die post-millennium Afrikaanse poësie te wys.

word en wat daarmee bedoel word. Vetdruk is dié van die navorser en word aangewend vir beklemtoning. Toeliggende, samevattende opmerkings word by elk gemaak.

### 3.2 Uit resensies en onderhoude: twaalf voorbeelde

- **Joan Hambidge (2002) oor Johann Lodewyk Marais se *Aves* (2002):**

Om 'n eenheidsbundel te skryf, vra geweldige deursettingsvermoë en waarskynlik ook **die krag om te kan komponeer**.

.. die **programgedig** oor Darwin wat ook 'n gedig word oor die digter se alleentaak in sy kreatiewe omgaan met die wêreld om hom ..

**Opmerkings:** ✕ Veronderstel betekenis van term is bekend – dat bundelkomposisie belangrik is, só ook 'n programgedig. ✕ Term word as aanprysing gebruik.

- **Die bemerkingstekste (Anoniem, 2008) vir Loftus Marais (2008) se *staan in die algemeen nader aan vensters*:**

... die **verweefdheid van ruimte en identiteit** word stadig aan die leser uitgelê ... **die grootste bindende faktor** (is) die alomteenwoordigheid van kuns, en dan spesifiek die blik van die digter. **Maar dit is nie 'n eenheidsbundel in die tradisionele sin van die woord nie.**

**Opmerkings:** ✕ Die woorde “verweefdheid” en “bindende faktor” roep assosiasie op met hegte komposisie, tematiese fokus en narratiewe patrone as tipiese eienskappe van die eenheidsbundel. ✕ Term word, in die aanspraak op vernuwing (tradisie oorskreidend), as aanprysing gebruik.

- **Willemien Brümmer (2011) oor Ronelda S Kamfer (2011) se *grond/Santekraam*:**

... Op bladsy ná bladsy word die **storie** van haar ma se familie, die Granfields, geëggo. ... dié boek, is 'n **deurgekomponeerde eenheidsbundel wat haar vir goed 'n staanplek sal gee in die kanon van die hogere Afrikaanse digkuns.**

**Opmerkings:** ✕ Narratief word vooropgestel. ✕ Veronderstel betekenis van term is bekend – met die verdere onderskeiding van “deurgekomponeerde”. ✕ Term word as aanprysing gebruik. ✕ Uitgesproke oor die status geassosieer met 'n eenheidsdigbundel, naamlik dat dit toegang tot die kanon gee.

- **Willem Anker (2011) oor Ronelda S Kamfer (2011) se *grond/Santekraam*:**

*grond/Santekraam* is 'n **eenheidsbundel** wat grotendeels handel oor die mense van die vissersdorp Skipskop. ... Die bundel is digbevolk met **karakters**

**wat hul stories vertel en wat vertel word ... Die bundel lees soos een lang gedig.**

**Opmerkings:** ꝥ Veronderstel betekenis van term is bekend. ꝥ Narratiewe kenmerke (karakters, stories, vertelling) word vooropgestel, selfs met die suggestie dat die grense tussen eenheidsdigbundel en lang verhalende gedig hier mag begin vervaag.

o **Joan Hambidge (2013) oor Gilbert Gibson (2006) se *Boomplaats*:**

Op 'n uiters subtiele wyse speel hierdie geskiedenis in op die gedigte sodat die leser as 't ware twee tekste voor hande het: **die ouer, historiese teks en die nuwe, moderne lewe van 'n internis wat gedigte maak**. Die leser kan dus self die **drade saamtrek** van hierdie **subtiele eenheidsbundel**.

**Opmerkings:** ꝥ Veronderstel betekenis van term is bekend. ꝥ Narratief word uitgewys (geskiedenis van die slag van Boomplaats, "drade saamtrek"). ꝥ Wys op twee tekste wat geaktiveer word: die historiese en die outobiografiese<sup>11</sup>.

o **Louis Esterhuizen (2013) in 'n onderhoud met Johann Lodewyk Marais oor *In die bloute* (2012), en met verwysing na *Aves* (2002):**

Esterhuizen noem Marais "tegnies vernuftig": **"(I)emand wat nie net die afsonderlike verse noukeurig afrond nie, maar ook die bundel as geheel"**.

Marais reageer: **"In die Afrikaanse literatuur het die eenheidsbundel nogal 'n hoë status waarvan Opperman se *Komas uit 'n bamboesstok* (1979) nog altyd 'n modelvoorbeeld is."**

Esterhuizen verwys na die bundel-indeling in *Aves* en dui dit aan as tipies van die eenheidsbundel, waar "... sewe afdelings elkeen 'n bepaalde fokus (en aanslag) het, maar terselfdertyd ook **na mekaar toe uitreik ten einde 'n afgeronde geheel** daar te stel".

Marais bevestig: **"Die bundel bevat 'n inleidende gedig of programgedig, gedigte waarin die projek uitgestippel word ..."**

**Opmerkings:** ꝥ Die kanoniserende status van die eenheidsbundel word uitgewys. ꝥ Tipiese kenmerke van die eenheidsbundel word betrek, soos deurgekomponeertheid (die noukeurige afronding van sowel verse as die bundel as "afgeronde geheel"), die verbande tussen afdelings en die voorkoms van 'n programgedig. ꝥ Tematiese fokus en ooreenkomste word uitgewys (dat gedigte en afdelings "na mekaar toe uitreik"). ꝥ Aanprysing word geïmpliseer: bundelkomposisie stel hoë eise van tegniese vaardigheid en afronding.

---

<sup>11</sup> Soos later aangedui, tipies van oa *Komas* en *Lady Anne*.



○ **Louis Esterhuizen (2014) in gesprek met Marlene van Niekerk oor *Kaar* (2014):**

In reaksie op Esterhuizen se inleidende opmerking dat *Kaar* “tog uit ’n groot aantal heel verskillende gedigte bestaan” wei Van Niekerk uit oor haar werkwyse, oor bundelkomposisie (sonder om die term te gebruik, maar met verwysing na narratiwiteit: ’n “volgbare verhaal”) en oor “eenheidsbundels”:

“... om (gedigte) agtermekaar te **rangskik in groepe**, om te besluit of afdelings wat ook **agtermekaar gerangskik word inderdaad ’n volgbare “verhaal” maak** en of daar terselfdertyd genoeg **sinchrone verbande** is ...”

“Uiteindelik is mens tog altyd besig om ten spyte van alle vreemdheidsliefde **’n soort geheel** te probeer aflewer ...”

**Opmerkings:** Ꝁ Wys op narratiwiteit (“’n volgbare ‘verhaal’”) en bundeleenheid (“’n soort geheel”, “sinchrone verbande”).<sup>12</sup>

○ **Susan Smith (2014) oor Piet Van Rooyen se *Reisiger te perd* (2014):**

*Reisiger te perd* is by uitstek ’n eenheidsbundel wat perde as sentrale fokus het.

**Opmerkings:** Ꝁ Veronderstel betekenis van term is bekend. Ꝁ Impliseer dat ’n kenmerk van eenheidsbundels streng tematiese fokus is. (Hier: gedigte oor uitsluitlik perde.)

○ **Joan Hambidge (2014b) oor Nicolette van der Walt se *Floriskoop* (2014):**

Die natuur is egter die belangrikste tema van hierdie bundel waarin die digter verskillende blomme besing en lewenswaarhede probeer aflei uit die aard van ’n bepaalde blom. ...

**Opmerkings:** Ꝁ Veronderstel betekenis van term is bekend. (Verwys bloot na “die gang van hierdie eenheidsbundel”.) Ꝁ Impliseer dat ’n kenmerk van eenheidsbundels streng tematiese fokus is. (Hier: gedigte oor uitsluitlik blomme.)

○ **Willem de Vries (2015) in gesprek met Joan Hambidge oor *Matriks* (2015):**

De Vries: “Is die **manier waarop die bundel saamgestel iets meer as wat die individuele gedigte weergee?**”

Hambidge: “**Dit is ’n eenheidsbundel waarin ek die verskillende betekenis van die begrip matriks ontgin ... Gedigte binne bundelverband kry altyd ander betekenis wanneer dit ’n familieskap sluit met gedigte rondom hulle.**”

---

<sup>12</sup> Dat Van Niekerk voortgaan en eenheidsbundels bevraagteken, kom pas later in die artikel ter sprake.

**Opmerkings:** ꝥ Veronderstel betekenis van term is bekend. ꝥ Impliseer dat 'n kenmerk van eenheidsbundels streng tematiese fokus is. (Hier: ontginning van die betekenis van die begrip matriks). ꝥ Wys op die belang van die posisie van gedigte in bundelverband (kenmerk van die eenheidsdigbundel, aldus Spies, 1992a). ꝥ Gebruik (in die plek van narratief / narratiewe lyne?) die term “familieskap” – vergelyk “deurlopende drade” (Van Zyl, 1987), “uitreike” (Esterhuizen, 2014, oor Marais), “sinchrone verbande” (Van Niekerk in Esterhuizen, 2014), “op mekaar inspeel” en “konsentriese sirkels” (Hambidge, 2015).

o **Zandra Bezuidenhout (2015) oor Riël Franzsen se *Narokkong* (2015):**

In hierdie eenheidsbundel met sy **deurlopende tema van outisme en die sirkulerende motief van 'n spookvoël**, word die fokus telkens verskuif.

**Opmerkings:** ꝥ Veronderstel betekenis van term is bekend. ꝥ ꝥ Impliseer dat 'n kenmerk van eenheidsbundels streng tematiese fokus is. (Hier: outisme.) ꝥ Impliseer (aspekte) van 'n siklus (“sirkulerende motief”).

o **Joan Hambidge (2015) oor Riël Franzsen se *Narokkong* (2015):**

... dit is dan duidelik dat gedigte telkemale **deur die Opperman-aanslag ingegee** is: spaars, min woorde; ... **die komposisie van die eenheidsbundel**; en so meer.

...

Die debuut het my ook weer laat nadink oor **die struktuur van die eenheidsbundel**. ...

**Hoe gedigte by Franzsen op mekaar inspeel**, is die sterk punt van sy debuut wat 'n **(outobiografiese) storie vertel**. ... Daar is inderdaad **konsentriese sirkels, 'n soeke na 'n sentrum**. ...

'n Mens moet Franzsen se bundel as 'n debuut lees waarin die gesprek met Opperman, **die siklus, metaforiek, die eenheidsbundel jou laat nadink** ... Hierdie bundel tree ... **in gesprek met Opperman se oeuvre, of dan 'n bepaalde werkswyse**.

... Die gevaar in Franzsen se geval is dat Opperman bo sy bundel uittroon en dat **die eenheidsbundel eise stel** wat die debutant nog nie werklik kan hanteer nie.

**Opmerkings:** ꝥ Eienskappe van eenheidsbundels wat ter sprake kom in *Narokkong* word uitgewys – byvoorbeeld struktuur en komposisionele elemente, “konsentriese sirkels” (met verwysing na Strydom, Opperman, Deudney, Spies, struktuur, siklus, serie en reeks). ꝥ Impliseer dat 'n kenmerk van eenheidsbundels streng tematiese fokus is. (Hier: outisme; en: dat “'n (outobiografiese) storie vertel” word.) ꝥ Belang



van narratief word uitgewys: “inspeel” van gedigte op mekaar in die vertel van die storie.

### 3.3 Samevattend: vyf waarnemings en ’n waarskuwing

Aan die hand van die sake wat in die voorafgaande oorsig uitgewys is, kan die volgende waarnemings gemaak word:

Dat in die post-millennium gesprek in die Afrikaanse poësie oor eenheidsbundels, dit blyk dat 1) dit veronderstel word dat afspraak bestaan oor wat ’n eenheidsbundel is, aangesien die term meestal sonder definiëring of verklaring gebruik word;

en 2) dat die kenmerkende aspekte waarop gewys word wanneer eenheidsbundels ter sprake kom, tipies bundelkomposisie en ordening, die voorkoms van opdraggedigte, en die uitwys van narratiewe lyne of patrone (soms siklies of reeksagtig van aard), of ten minste samehange/uitreike betrek;

maar 3) dat die geheel van die veelheid aspekte van ’n eenheidsdigbundel (soos byvoorbeeld deur Spies, 1992a, en spesifiek met verwysing na *Komas* uitgewys) nie as geheel en in totaal vereis word voordat ’n bundel as ’n eenheidsbundel benoem word nie – sommige van die aspekte (soos byvoorbeeld tematiese fokus in terme van gedigte slegs oor ’n bepaalde onderwerp) blyk voldoende te wees;

terwyl 4) die indruk meerdere male gelaat word dat om ’n eenheidsdigbundel te kan skryf, ’n soort heilige graal is, en dat die publikasie van sodanige bundel aansien gee en toegang tot die kanon.

’n Vyfde waarneming van ’n beskouing wat meer as een maal betreffende die eenheidsbundel ter sprake kom, is die beskrywing daarvan in terme van bewuste doelmatigheid. Uit die aard van die saak is bundelkomposisie bewus en bepland, maar waarna hier verwys word is die beskrywing van die skryf van eenheidsbundels in terme van “’n bepaalde werkswyse” (Hambigde, 2015) en as “’n konsepmatige benadering” en ’n “projek” (Esterhuizen, 2013).

Die sesde en laaste saak wat waargeneem is, betrek vier gevalle waarin reaksies van waarskuwing en kritiek gegee word. In die bydraes hierbo deur Anker, Bezuidenhout,

Hambidge en Van Niekerk word gewaarsku en gekritiseer, word opgemerk dat (beplande, konsepmatige?) sake soos 'n hegte struktuur, narratiwiteit, tematiese fokus, siklisiteit, en die geheel (of eenheid) van die digbundel nie op sigself, of geïsoleerd, 'n soort goue sleutel tot 'n eenheidsdigbundel (en per implikasie 'n suksesvolle bundel) is nie – die “digterlike kunsgreep” (Bezuidenhout, 2015), die “dinamiese, vitale eenheid” (Van Niekerk in Esterhuizen, 2014) is ook nodig.

Anker (2011) is die eerste om in 'n resensie daarop te wys dat die aard van 'n eenheidsdigbundel ook 'n valstrik kan wees, dat die poging om 'n eenheidsbundel te skryf, die strewe daarna, die geheel(indruk) van die bundel kan benadeel:

Die probleem met 'n eenheidsbundel is dat daar baie maklik swakker verse inglip, in diens van die groter eenheid en motiewe, maar wat miskien nie opgewasse is om alleen as gedigte te funksioneer nie.

Immers: bloot omdat 'n eenheidsdigbundel onder andere “krag om te komponeer” (Hambidge, 2002) verg, beteken dit nie dat alle eenheidsdigbundels vaardig gekomponeer, of suksesvol, interessant en/of uitdagend (byvoorbeeld) uitgevoer en aangebied word nie. Bezuidenhout (2015) se kritiese opinie oor *Narokkong* sluit aan by Anker se uitwys daarvan dat gedigte by 'n bundel ingesluit kan word ter wille van die bydrae wat dit tot die eenheid maak en met die vraag of die gedig in eie reg geslaagd is, ter syde gestel. Sy skryf:

... ten opsigte van die invalle, skikking van gedagtes, en formulering, (toon) die verse dikwels gebreke...  
in te veel gevalle soek 'n mens na oorspronklikheid en verbeeldingskrag, en die digterlike kunsgreep wat van die aanbieding en leserservaring iets buitengewoons maak. Dit gebeur wel ten opsigte van die tematiek en metaforiek, maar word nie verstegnies geëwenaar nie.

Hambidge (2015) se resensie van *Narokkong* toon soortgelyke trekke: goedkeurend oor die tematiese fokus en die komposisionele spel, maar waarskuwend daarvoor dat die eenheidsbundel 'n moeilike meester is, en veral vir “die debutant” (waarskynlik bedoelende hierdie debutant, maar sekerlik ook in die algemeen: debutante) en dat “die eenheidsbundel eise stel wat die debutant nog nie werklik kan hanteer nie”.

Marlene van Niekerk (Esterhuizen, 2014) se opmerkings oor haar digterskap en bundelkomposisie, onderstreep daardie sienings waar tematiese fokus as kenmerkende noodsaak vir die eenheidsdigbundel aangevoer word, en sy betrek soort hierby:

Ek sou die verskillende soorte gedigte wat ek skryf ... ook kon indeel in afsonderlike bundels **met net natuurgedigte, of net politieke gedigte, of net satires, of net liefdesgedigte of net nonsensgedigte. Eenheidsbundels sou hulle wel wees,** ...

Die implikasie van die vraag waarop hierdie opmerking uitloop: “... **maar eenheid van wat?**” bevestig egter dat nuansering nodig is wanneer die term eenheidsbundel gebruik word. Immers: is alle bundels wat uitsluitlik gedigte oor ’n bepaalde tema (perde, in die geval van *Reisiger te perd*) fokus, eenheidsdigbundels in die totaliteit van die begrip soos aanvanklik beskryf? Of alle bundels met ’n bepaalde soort gedig – soos die bundels uitsluitlik liefdesgedigte aan ’n enkele geliefde wat van byvoorbeeld Breyten Breytenbach (2000) se *Lady One: 99 liefdesgedigte* of Petra Müller (2002) se *Die aandag van jou oë: Gedigte vir die liefde?* Of soos die bundels omgewingspoësie wat weer net ’n bepaalde soort natuurgedig aanbied – waarvan uiteenlopende voorbeelde bestaan, soos gesien kan word wanneer nog maar net *Met die aarde praat* (Cloete, 1992), *Verweerde aardbol* (Marais, 1992) en *Plaaslike kennis* (Marais, 2004) se soortgelykhede en verskille beskou word. En wat van soort as tematiese soort én gedigvorm, soos sowel Hennie Aucamp (2002) se *Hittegolf: wulpse sonnette*, as Jacobus van der Riet (2012) se bundel sonnette oor ikone, *Die onsienlike son* (Van der Riet, 2012). Met tekste soos Walters (2011) se *Braille-briewe* en Hambidge (2000) se *Lykdigte* wat hulle ook hierby kan skaar.

Van Niekerk se opmerking: “Eenheidsbundels sou hulle wel wees, maar eenheid van wat?” lê nie net aan die grond van die noodsaaklikheid daarvan om te besin oor wanneer en op grond waarvan ’n digbundel as ’n eenheidsbundel beskou, geëien of geïnterpreteer behoort te word nie, maar ook of dit sin het. Is Anker (2011) se siening dat daar gedigte in *grond/Santekraam* is wat “nie opgewasse is om alleen as gedigte te funksioneer nie” akkuraat of geldig? En indien wel, maak die insluit van as sodanig geïdentifiseerde ‘mindere’ gedigte by die bundel, omdat dit die ‘groter saak’ van die eenheidsdigbundel dien, die bundel minder suksesvol? Omdat dit gedigte insluit wat slegs ‘bestaansreg’ binne die konteks van die bundel *as eenheidsbundel* se narratief verkry, en die vermoede geïmpliseer word dat wat behoort te gebeur is dat net gedigte ingesluit moet word wat in die eerste plek (‘goed’ genoeg) selfstandig kan funksioneer, en alleen dan ook verder ’n bydrae kan lewer tot die narratief en/of die reeksagtige of sikliese opset van die bundel. Wat hier ter sprake is, is die moontlikheid dat digbundels as suksesvol beskou (en aangeprys) mag word *ten spyte van* minder suksesvolle gedigte daarin, *omdat* dit as eenheidsdigbundel aangebied word. Iets

wat aansluit by die siening dat eenheidsbundels 'n statussimbool is en reeds net op grond van hul aard, toegang tot die kanon verleen.

Teen hierdie agtergrond blyk dit dat die etikettering of kategorisering van digbundels as "eenheidsbundels" sekerlik moontlik is en nuttig kan wees, maar ook dat wanneer 'n digbundel die aard of kenmerke van 'n eenheidsbundel toon, wanneer 'n bundel as eenheidsdigbundel aangebied word, slegs dit alleen nie noodwendig ongekwalifiseerd aanprysing regverdig nie. Immers: omdat 'n bundel as 'n eenheidsdigbundel beplan, geskryf, aangebied, of gelees word, is nie as sodanig waarmerk of waarborg vir sukses, aansien of status nie, en dat die uitwys, of geldige aanprys, van 'n eenheidsdigbundel ook nie ondiskriminerend sonaar met kanoniserende oogmerke aangewend, of so verstaan, behoort te word nie.

Digbundels met 'n sterk fokus op 'n bepaalde soort bundelkomposisie en tematiese samehang, en waarin 'n narratiewe spel tussen die tekste bewus geaktiveer en aangebied word (veral byvoorbeeld deur die gebruik van opdraggedigte, reekse en siklusse), is nie noodwendig op grond net hiervan geslaagde eenheidsbundels nie. "Vir my is eenheid pas interessant," sê van Niekerk (Esterhuizen, 2014),

as dit 'n risiko neem met 'n interne veelheid van elemente wat op gespanne voet met mekaar verkeer, dan kry mens, indien jy slaag, 'n dinamiese of vitale eenheid, 'n bolling wat hop en bewe.

En is dit nie juis wat navorsers (in al die geïdentifiseerde tydperke) in die eerste plek aangetrek het na daardie vernuwende bundels wat hulle ondersoek en benoem het as eenheidsbundels nie? Daardie onvaspenbare "dinamiese of vitale eenheid," die hoppende, bewende, asemende "bolling" vers, bundel, teks. Immers is dit bundels wat hierdie soort dinamiek<sup>13</sup> vertoon, wat die aanvanklike interesse in en besinning oor bundelkomposisie, oor die eenheidsdigbundel, moontlik gemaak het. Bundels soos *Gestaltes en diere*, *Blom en baaierd*, *Engel uit die klip*, *Komas uit 'n bamboesstok* en *Allotroop*, onder andere, wat die 'klassieke' voorbeeldmateriaal, die matryse, geword het na aanleiding en met behulp waarvan eenheidsbundels in die Afrikaanse poësie benoem en beskryf is.

---

<sup>13</sup> Die "interne veelheid van elemente ... op gespanne voet met mekaar," (Van Niekerk in Esterhuizen, 2014), die "digterlike dwingendheid" (Hambidge, 2014), die "digterlike kunsgreep wat van die aanbieding en leserservaring iets buitengewoons maak." (Bezuidenhout, 2015)

#### 4 Nuansering: soortgenote?

Alhoewel dit *Aves* (Marais, 2002) was wat die oplewing in belangstelling in eenheidsdigbundels ná 2000 ingelei het, is dit ongetwyfeld so dat hierdie bundel aansienlik verskil van die 'soort' eenheidsbundel wat *Komas uit 'n bamboesstok* is. Daar moet erken word dat die benoeming eenheidsbundel 'n sambreelterm is waaronder uiteenlopende bundels onderdak vind. Vervolgens word aangevoer dat in diens van fyner nuansering, en vanuit 'n beskrywende perspektief, dit moontlik is om onderskeid te tref tussen 'soorte' eenheidsdigbundels deur te wys op bundels wat volgens, op die spoor van, soortgelyke 'matryse' geskryf is, bundels wat as soortgenote aandoen.

##### 4.1 Die *Komas*-matrys

Wanneer *Komas uit 'n bamboesstok* genoem word, meld 'n hele aantal digbundels aan wat langs soortgelyke weë en met soortgelyke gang as hierdie prototipiese eenheidsbundel loop. Bundels van soortgelyke aard, struktuur, komposisie en aanbod. Soortgenote. Aan die hand hiervan kan 'n saak daarvoor uitgemaak word dat bundels soos *Die boek Daniel* (Hugo, 1987), *Lady Anne* (Krog, 1989), *Tye en swye in die lewe van Hester H* (Grobler, 1991) en *Die burg van hertog Bloubaard* (Pieterse, 2000) 'nader' genote is aan die 'soort' boek wat *Komas*<sup>14</sup> is (met *Komas* aangedui as die "modelvoorbeeld"<sup>15</sup> eenheidsdigbundel), as aan die 'soort' boek wat bundels soos *Aves* en *In die bloute* is (ook beide spesifiek uitgewys as voortreflike eenheidsbundels<sup>16</sup>).

Om tipiese kenmerke van hierdie 'soortgenote' te beskryf, bied genoeg materiaal vir verdere studie. Voorts kan soortgenote van *Komas*, byvoorbeeld, ook aangedui word op grond van die sterker en minder sterk ooreenkomste. By Hugo, Krog, Grobler en Pieterse word op ooreenstemmende wyse 'n historiese, literêre reisfiguur gekies, word die outobiografiese

---

<sup>14</sup> Hier kan eksemplaries verwys word na Hambidge (2014a) se tipering van die tematiese en strukturele ooreenkoms wat aangedui kan word tussen *Komas* en *Lady Anne*: "Beide digters het dus die epiese gang beheers om teen die "back drop" van die geskiedenis hul eie persoonlike lewens te kaats. Beide digters is tegnies vaardig en behalwe vir die inspeel of terugspeel op die historiese gegewe, word elke gedig 'n persoonlike en liriese bestending van die gegewe." Ook Botha (2011:203) verwys, in haar studie van Krog se poëtiese oeuvre, na *Lady Anne* as "die hoog aangeprese en deeglik deurgekomponeerde, eenheidsbundel". (Alhoewel Botha (p.83) slegs die tipering gebruik en geensins aandag aan eenheidsbundels gee nie, is dit interessant om op te let dat sy ook *Dogter van Jeftha* uitwys as 'n eenheidsdigbundel— op grond van die outobiografiese gegewe en die narratief van die historiese figuur. *Dogter van Jeftha* is in 1970 gepubliseer. *Komas* in 1985.)

<sup>15</sup> Soos tevore: Marais in Esterhuizen, 2014.

<sup>16</sup> Soos tevore: Hambidge (2002), Esterhuizen (2013).

hierby ingewef, en staan 'n sterk narratiewe gang voorop saam met 'n bepaalde bundelkomposisie waarin (elemente van) opdraggedigte, reekse en siklusse voorkom. Die aanduiding van soortgenote en 'n tematiese ondersoek daarna, kan interessante vondste oplewer.

Wanneer *Komas* as eksemplariese vertrekpunt vir die tipiese eenheidsdigbundel gebruik word, val die klem op die gebruik van 'n historiese figuur en (die narratiewe van) sy/haar storie, met die inweef van die outobiografiese hierby – die inent daarop – asook op 'n sterk, en stygende, narratiewe lyn – dit alles afgesien van die aandag aan (sikliese) bundelkomposisie. Soortgenote van *Komas* as eenheidsdigbundel sal dan, afgesien van die titels hierbo reeds genoem, ook gevind kan word in bundels soos *Die burg van hertog Bloubaard* (Pieterse, 2000), *boomplaats* (Gibson, 2006) en Ronelda S Kamfer (2011) se *grond/Santekraam*. Veral betreffende die aansluit by die narratiewe gang en die benutting van die geskiedenis, naamlik die intriges rondom die narratiewe oor 'n vrouemoordenaar, 'n veldslag, 'n gedwonge verskuiwing, eie of familiegeskiedenis. 'n Interessante toevoeging hier, sou ook Krog (1970) se *Dogter van Jefta* kan wees. Botha (2011:83) noem (ongelukkig sonder enige verdere uitbreiding) dié bundel 'n “eenheidsdigbundel” – en inderdaad kan dit as soortgenoot van *Lady Anne* (1989) geëien word: met die teenwoordigheid van 'n historiese figuur en die inweef van identifiserende outobiografiese gegewens.<sup>17</sup> Verdere diepte-ondersoek sal nodig wees om Hambidge (2012) se bundel *Lot se vrou* binne hierdie verband te ondersoek. Immers is daar onmiddellik ooreenkomste aan te dui ('n gefokusde tematiese bemoeienis, 'n historiese figuur – wat hoofsaaklik 'n metafories perspektief bied op die outobiografiese gegewens) maar tot op hede is die bundel nog nie in die eerste plek as 'n eenheidsdigbundel gelees nie, en moet die teenwoordigheid en manifestering van 'n dwingende narratiewe ook nog nagegaan word.

'n Ander groep waarvoor daar 'n saak uitgemaak kan word dat dit bepaalde soortgenote eenheidsbundels is, is dié met 'n tematiese aanbod soortgelyk aan Wilma Stockenström<sup>18</sup> se *Die heengaanrefrein* (1988) waarby *Hongergrond* (Malan, 1994) aansluit en waarvoor *Die Republiek van Duisend Jaar* (Watermeyer, 1957) en *Dingaansdag* (Leipoldt, 1919) al waarskynlik eksemplare is.

---

<sup>17</sup> Sien Botha (2011:39 ev) se analyses oor *Dogter van Jefta*.

<sup>18</sup> Die spesifieke manifestering van die eenheidsbundel by Stockenström verdien verdere navorsing. Dalk veral oor die hantering van narratiewiteit in *Monsterverse* (1984) en *Aan die Kaap geskryf* (1994).

## 4.2 Die Aves-matrys

Titels wat onmiddellik daarvoor aanmeld dat dit wat opbou en aanbod betref nou aansluiting vind by, dat dit soortgenote is van, die “voëlboek” *Aves*, is byvoorbeeld: *Diorama* (Marais, 2010), *In die bloute* (Marais, 2012), *In die skadu van soveel bome* (Nortjé, 2012), *Reisiger te perd* (Van Rooyen, 2013) en *Floriskoop* (Van der Walt, 2014) – onderskeidelik bundels uitsluitlik oor fauna en flora, see- en water(diere), bome, blomme en perde. Almal bundels waarin daar sterker klem val op die tematiese fokus, waar ’n reeks(agtige) aard sterker op die voorgrond tree, en waar die verhaalgang (in ander bundels dikwels meer waarskynlik in siklusse gedra) nie dieselfde botoon voor as in byvoorbeeld *Komas* en soortgenote nie. Almal bundels wat in die eietydse literêre gesprek as eenheidsdigbundels aangedui is. En alhoewel ’n saak daarvoor uitgemaak kan word dat bundels soos *Met die aarde praat* (Cloete, 1992), *Plaaslike kennis* (Marais, 2004) en *Bleek planeet* (Van Niekerk, 2013) nader soortgenote van mekaar is, as wat hulle is aan *Aves* en *In die bloute*, maak die bundelkomposisie en die narratiewe patrone wat hierin voorkom, meer as slegs net die tematiese fokus, ook van hulle soortgenote hier. Meer problematies, en beslis aanduidend daarvan hoe grys die gebied kan raak wanneer gepoog word om soortgenote op grond van hoofsaaklik tematiese oorweging aan te dui, is byvoorbeeld *Dad* (Hambidge, 2006) waar die gedigte aan oor of betreffende die pa nie net tematiese fokus het nie, maar ook ’n narratiewe element (“uitreike”, ’n “familieskap”) toon.

Dit val buite die bestek van hierdie ondersoek na die aard en manifestering van eenheidsbundels om ander relevante raakpunte hier te ondersoek, soos byvoorbeeld die kwessie van literêre gespreksgenote, voorgangertekste en dies meer. Wat uitgewys is, is dat die wye sambreelterm van die eenheidsbundel in die Afrikaanse poësie wel nuttig identifiserend en beskrywend gebruik kan word en, aan die hand van byvoorbeeld ’n beskouing van soortgenote, ook met verdere nuansering ondersoek kan word.

## Slotopmerkings

'n Voorlopige oorskouing van die literêre gesprek in die Afrikaanse poësie ná 2000, dui op hernude belangstelling in (die waarde van) eenheidsdigbundels. En dit wil voorkom of hierdie belangstelling wesenlik een in bundelkomposisie is.

Dit is duidelik dat ten spyte van gedetailleerde beskrywings van die aard van eenheidsdigbundels met verwysing na hoe dit in 'n spesifieke (klassiek geworde) bundel manifesteer (vergelyk byvoorbeeld Spies 1992a oor *Komas*) die term eenheidsbundel in die Afrikaanse poësie 'n sambreelterm is. Dit is ook moontlik om aan te dui dat sommige van die digbundels wat as eenheidsbundels beskou word, nader aan mekaar lê, groter verwantskap met mekaar toon, as ander. In hierdie verband kan beskrywend verwys word na soortgenote – wat ondersoek na sowel tematiese as komposisionele elemente kan ondersoek.

Hier is dit dan gepas om te verwys na Raidt se waarneming, ingegee deur Jacobson se sienings en aangehaal in Odendaal (2013), oor die *individuele* aard van eenheidsdigbundels, alhoewel almal van hulle deel is van daardie 'soort' wat 'eenheidsbundels' genoem word: "Soos elke gedig, het elke (eenheids-)bundel – met 'n 'unity of esthetic purpose' [eenheid van die estetiese doel] – sy eie 'eenheidskonstituerende faktore'."

Só 'n uitgangspunt kan dit moontlik maak om weg te draai van 'n siening dat 'n 'eenheidsbundel' aan bepaalde verwagtinge/voorskrifte/eienskappe moet 'voldoen,' om eerder die term 'eenheidsdigbundels' te gebruik as sambreelterm vir bundels waarin aandag gegee word aan nie net die komposisie van die enkelgedig nie, maar ook die plasing van hierdie gedig, aan die "familieskappe" (Hambidge) wat kan ontstaan, waar narratiewe beplan en uitgevoer word, waar bundelkomposisie bedink en die komposisionele spel wat tydens die lees van die gedigte geaktiveer word, hoogty vier.



## Bibliografie

- Anker, W. 2011. Gestroop, met ingeboude bullshit detector. Resensie van *grond/Santekraam*, Ronelda S Kamfer. *Slipnet*, 21 September 2011. <http://slipnet.co.za/view/reviews/gestroop-met-ingebooue-bullshit-detector/> Besigtig: 17 September 2014.
- Anoniem. 2008. Bemarkingsteks vir *Staan in die algemeen nader aan vensters*. <http://nb.bookslive.co.za/blog/2008/11/21/> Besigtig: 17 September 2014.
- Aucamp, H. 1978. *Kort voor lank: Opstelle oor kortprosa*. Kaapstad: Tafelberg.
- Bezuidenhout, Z. 2015. Die skaduwêreld onder die narokkong se vlerk. Resensie van: *Narokkong*, Riël Franzsen. *Versindaba*. 5 Mei 2015. <http://versindaba.co.za/2015/05/05/resensie-narokkong-riel-franzsen/> Besigtig: 15 Junie 2015.
- Botes, N. & Cochrane, N. 2011a. Generiese merkers in die kortverhaalsiklus: Deel 1: Teoretiese uitgangspunte. *LitNet Akademies* Jaargang 8(2) – Augustus 2011, pp.112-151.
- Botes, N. & Cochrane, N. 2011b. Generiese merkers in die kortverhaalsiklus: Deel 1: 'n Toepassing op *Die dag toe ek my hare losgemaak het* deur Willemien Brümmer. *LitNet Akademies* Jaargang 8(2) – Augustus 2011, pp.152-187.
- Botha, M.E. 2011. Die outobiografiese kode in Antjie Krog se poëtiese oeuvre. Ongepubliseerde DLitt-studie. Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit. 340p.
- Brümmer, W. 2011. 'Ek is gevaarlik vir wit mense.' Onderhoud met Ronelda Kamfer. *Die Burger*, 16 Julie 2011. <http://m24arg02.naspers.com/argief/berigte/dieburger/2011/07/16/BJ/11/16JulieRonelda.html> Besigtig: 17 September 2014.
- De Vries, W. 2015. Taal, betekenis in poësie ontgin: Digter vertel van nuwe eenheidsbundel. Onderhoud met Joan Hambidge. *Netwerk 24*. 9 Maart 2015. <http://www.netwerk24.com/vermaak/2015-03-09-joan-hambidge-taal-betekenis-in-poesie-ontgin>. Besigtig: 15 Junie 2015.
- Deudney, E.S. 1971. *Die siklus as kompositoriese probleem met besondere verwysing na twee siklusse van D.J. Opperman*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Johannesburg: RAU.
- Du Plooy, Heilna. 2010a. Narratiwiteit in liriese verse: Teoretiese aspekte van die bestudering van narratiewe inhoud, strukture en tegnieke in liriese poësie. *STILET* XXII(2), September. pp.1-35.
- Du Plooy, Heilna. 2010b. Skuil daar 'n verhaal in 'n liriese gedig? Nederlandstalige digters oor narratiwiteit in die poësie: Robert Anker, Tomas Lieske, Leonard Nolens, Willem van Toorn en EvaGerlach. *Literator* 31(10), pp.139-160.

Esterhuizen, L. 2013. Louis Esterhuizen in gesprek met Johann Lodewyk Marais oor *In die bloute* (2012). Onderhoud. *Versindaba*. 7 Junie 2013. <http://versindaba.co.za/2013/06/07/onderhoud-met-johann-lodewyk-marais-2/> Besigtig: 17 September 2014.

Esterhuizen, L. 2014. Onderhoud met Marlene van Niekerk. *Versindaba*. 18 April 2014. <http://www.ebookxp.org/versindaba.co.za/2014/04/18/onderhoud-met-marlene-van-niekerk/?b=4> Besigtig: 15 Junie 2015.

Gouws, Tom. 1986. *Die komposisionele spel in die poësie: 'n verkenning van Antjie Krog se Otters in Bronslaai*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

Grobler, Susan. 2011. *Die heengaanrefrein* as eenheidsbundel. *Woes*. 24 Mei. Besikbaar: <http://www.woes.co.za/bydrae/artikel/die-heengaanrefrein-as-eenheidsbundel> Besigtig: 17 Sept 2014

Hambidge, J. 2002. Johann Lodewyk Marais – *Aves* (2002). Resensie. <http://joanhambidge.blogspot.com/2013/03/johann-lodewyk-marais-aves-2002.html> Besigtig: 17 September 2014.

Hambidge, J. 2013. Resensie van *Boomplaats*, Gilbert Gibson. Maart. <http://joanhambidge.blogspot.com/2013/02/gilbert-gibson-boomplaats-2006.html> Besigtig: 15 Junie 2015.

Hambidge, J. 2014a. Wat het ek misgevaar, verbygeseil? Resensie van *Die rooi veer in Vasco se hoed*, Rosa Smit. *Versindaba*. 14 Januarie. <http://versindaba.co.za/2014/01/14/resensie-die-rooi-veer-in-vasco-se-hoed-rosa-smit/> Besigtig: 27 November 2014.

Hambidge, J. 2014b. Resensie: Floriskoop, Nicolette van der Walt. *Versindaba*. 6 November. <http://versindaba.co.za/2014/11/06/resensie-floriskoop-nicolette-van-der-walt/> Besigtig: 15 Junie 2015.

Hambidge, J. 2015. Resensie: *Narokkong* deur Riël Franzsen. LitNet. 29 April. <http://www.litnet.co.za/resensie-narokkong-deur-riel-franzsen/> Besigtig: 15 Junie 2015.

Odendaal, B.J. 2013. Eenheid-in-veelheid as struktuurstramien in die poësie van T.T. Cloete, met klem op bundelbou. *Literator* 34(1), Art. #398, 10 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v34i1.398>

Pieterse, H.J. 2013. Die dosering van Skryfkuns aan Suid-Afrikaanse universiteite: 'n Oorsig. *Literator* 34(2), Art. #421, 12 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v34i2.421> Besigtig: 12 Oktober 2015

Raidt, E. 1962. *Die bundel as eenheid. 'n Ondersoek na die funksie van die simbool in Opperman se Blom en baaierd*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

Raidt, E. 1965. Die bundel as eenheid. In: E. Lindenberg, E. Raidt & J.A. Verhage (reds.) *Dietse studies: bundel aangebied aan prof. dr J. du P. Scholtz by geleentheid van sy vyf-en-sestigste verjaardag 14 Mei 1965*. Kaapstad: Van Gorcum-Academica. pp. 111-130.

S, R. 2008. *Die dag toe ek my hare losgemaak het* is by die Book Lounge bekend gestel. <http://nb.bookslive.co.za/blog/2008/07/25/die-dag-toe-ek-my-hare-losgemaak-het-is-by-die-book-lounge-bekend-gestel/> Besigtig: 14 Oktober 2015. [Geen van word gegee nie, slegs "Ronel S".]

Smith, S. 2014. Biebou-resensie: *Reisiger te perd* deur Piet van Rooyen. *Litnet*. 24 Oktober. <http://www.litnet.co.za/biebou-resensie-reisiger-te-perd-deur-piet-van-rooyen/> Besigtig: 15 Junie 2015.

Spies, L. 1992a. Siklus in die poësie. In: T.T. Cloete (red.) *Literêre terme en teorieë*, pp. 478–482, Pretoria: HAUM-literêr. <http://www.literaryterminology.com/index.php/keuselys/25-s/224-siklus-in-die-poesie>. Besigtig: 17 September 2014.

Spies, L. 1992b. *Kolonnade: 'n studie van D.J. Opperman se bundels Heilige beeste, Negester oor Ninevé en Komas uit 'n bamboesstok binne verband van sy oeuvre*. Kaapstad: Human & Rousseau. 285p.

Strydom, L. 1976. *Oor die Eenheid van die Digbundel, 'n Tipologie van gedigtegroepe*, Pretoria/Kaapstad: Academica.

Van Zyl, AE. 1987. *Die dodegedig in Afrikaans*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Johannesburg: RAU. 144p.

Zuiderent, A. & Van der Starre, E. (reds.) 2001. *De tweede gisting. Over de compositie van dichtbundels*. Amsterdam: Amsterdam University Press.